4 November

Leef en dink nuut…

oor die kerk

Snap here to pay

Eredienstye

Oggenddiens	09:00	: Ds Francois Esterhuizen - Geloof - jou oog gevestig op God. Hebreërs 11 en 12
Dissipelland	09:00	: Nelia Wagner - Afsluiting
Adoramus	17:00	: Ds Francois Esterhuizen - Ek sien op na U. Psalm 123
Aanddiens	18:00	: Ds Marius Cornelissen - Persoonlike Geloof. 2 Timoteus 3

Dopelinge

Diné Karlien Vermaak (Ouers: Jaco en Karlien Vermaak)
Johaney Smit (Ouers: Dewald en Madelein Smit

Kermis 2018

Baie dankie aan elkeen wat een of ander bydrae gemaak het tydens 2018 se kermis. 'n Besondere woord van dank aan al die leiers by die onderskeie stalletjies. Ons het die seën van die Here op 'n baie besondere wyse ervaar – in die voorbereiding, die samesyn en die inkomste.

Die Kerkraad het 'n inkomste van R100 000.00 vir hierdie jaar se kermis begroot. Die Here het ver bo hierdie verwagting gesorg en ons totale inkomste vir Kermis 2018 was R226 580-00. Hierdie bedrag is saamgestel uit:

Noag se Gehoorsaamheid-opvoering	:	R 34 067.00
Verkope tydens die kermis	:	R107 413.00
Skenkings wat ontvang is	:	R 85 100.00

Nogmaals baie dankie aan elkeen wat saam gewerk het!!

Ons gaan ook volgende Sondag (11 November 2018) net na die oggenddiens 'n kort vergadering hou om die kermis te evalueer en saam te dink oor Kermis 2019.

Oesfees – Tiendemaand-dankoffer

Ons kry ook jaarliks die geleentheid om ons dankbaarheid te wys en die Here te dank vir die groot genade en seën wat ons gedurende die jaar ontvang het. Dit doen ons deur ons Tiendemaand-dankoffer te gee. Dit val saam met ons Oesfees en kermisnaweek aan die einde van Oktober. Hierdie Tiendemaand-insameling eindig egter nie einde Oktober nie. Ons is bewus van lidmate wat in November en Desember eie bonusse ontvang en daarom het lidmate nog geleentheid om tot aan die einde van Desember 2018 hul Tiendemaand-dankoffer in te betaal. U kan dit elektronies doen of in 'n koevert (gemerk "Tiendemaand") in die kollektebordjie gooi op enige Sondag.

Die Kerkraad het R250 000.00 begroot vir die Tiendemaand-dankoffer. Op 31 Oktober 2018 is daar reeds R206 885.00 inbetaal.

Baie dankie aan lidmate wat reeds bygedra het!

Betalingsmetodes

Snapscan	Internet	Magneetband	Koevert	Kontant
Snap here to pay	www			R

Senior Bediening
Riana Kriel (083 495 1400)

Seenagers (almal bo 60)

Wat gebeur : Volgende byeenkoms (Afsluiting)
Waar : **Saal**
Wanneer : Woensdag, 21 November
Tyd : **09:30**
Koste : R20.00
RSVP : Riana 083 495 1400 voor of op 16 November indien u die afsluiting wil bywoon
Bring saam : Eie wyn, skryfbehoeftes

Kom verkoop u produkte of handwerk gedurende die oggend.

Nog 'n jaar jonger

Graag wil ons die volgende lidmate gelukwens met hul verjaardae en God se rykste seën toebid:

Adendorff	Willie	11/07	082 457 8193
Erasmus	Fred	11/07	082 298 2232
Van Zijl	Bertus	11/07	082 417 8877
Verster	Marthie	11/07	073 210 5172
Van Aswegen	Elizabeth	11/08	
Kloppers	Marie	11/09	082 427 5190
Pieterse	Johan	11/09	084 206 6632
Strydom	Andries	11/09	083 276 8000
Bergh	Adri	11/10	082 852 5535

Gebed vir die siekes en Algemene Pastoraat

Kontak gerus een van die leraars vir enige gebedsversoeke.

- ✞ **Ria van den Berg** - Bid asseblief vir haar gesondheid (082 378 0019).
- ✞ **Heiltjie Jonker** – Heiltjie is baie siek. Bid vir algemene gesondheid (Sonja 072 381 8120).
- ✞ **Elna Rossouw** - Elna sterk aan na 'n operasie (082 933 7397).
- ✞ **Telite Oosthuizen** - Telite sterk aan na 'n operasie (Telite 072 255 5384, Koos 076 400 6111).
- ✞ **MC Nel** - MC herstel na 'n operasie (082 416 5132).

Meegevoel aan:

- ✞ Marthie Fourie, gesin en familie met die afsterwe van Willie (083 459 3711).

Kerssangdiens : Poeding-aand

Ons Kerssangdiens is op Sondagaand, 18 November 2018.

Soos gebruiklik nooi die gemeente almal uit om na die diens heerlik saam te kuier met poeding en koffie/tee.

Ons is weer op soek na lidmate wat kan help met die voorbereiding en skenk van poedings. Indien jy graag wil help, skyf jou naam op die lys in die voor-portaal. Jy kan 'n koue of warm poeding maak, help met die voorbereiding van die saal, skink die aand en opruim na die tyd.

Vir poedings, skyf jou naam op die lys. As jy andersins wil help, kontak Ansa (083 388 4602).

Verlore bakke

Daar is nog bakke, borde, houers wat base soek. Indien u 'n bak soek, kom haal dit asseblief vanoggend net na die oggenddiens in die groot kombuis.

Foto's vir 2019 se kalender

NG Raslouw se jaartema vir 2019 is "Vensters".

Daar word beplan om ook dieselfde tema vir 2019 se kalender te gebruik.

Het u dalk 'n mooi foto van 'n katedraal se venster, die winterson wat deur die venster skyn, of laggende kinders wat deur 'n venster afgeneem is?

Gemeentelede word genooi om foto's van vensters, wat moontlik in 2019 se kalender gebruik kan word, aan te stuur na Karen by die kerkkantoor (tel 012 654-0228, e-pos: raslouw@mweb.co.za)

U is welkom om vir George Ingram te skakel by 082 377 8506 vir meer inligting.

Kaastoer by Van Gaalen Kaasplaas

Wanneer	:	Saterdag, 24 November 2018
Tyd	:	09:00 - vertrek vanaf kerkparkering / toer begin 10:00
Plek	:	R560 Skeerpoort
Kostes	:	R115.00 p/p vir toer, kaasproe asook koffie/sap en Duitse appelkoek ingesluit
		Plus ekstra geldjie vir ete as sou verkies
RSVP	:	Vrydag, 16 November 2018
Navrae	:	Estelle van der Merwe (084 954 2822)

Alle enkelpersone is welkom, enige ouderdom of kerkverband! Hoop om jou daar te sien!

Soek werk / Nuwe uitdaging

Bemarkings-/Verkoopskonsultant ("Call Centre") op soek na nuwe uitdaging.
Kontak Andries Smit (078 977 6457)

Jeug@Raslouw

Datums om te onthou:

04 November : Klasafsluiting

11 November : Kategete-jaarafsluiting (oggend en aand)

18 November : Kerssangdiens

25 November : Belydenis van geloof-aflegging

Ons nooi jou uit om by ons Jeugbedieningspan van 2019 aan te sluit.

Kontak Nelia (084 880 3355) vir meer inligting

Teeskink Vierde Kwartaal

Datum	Groep	Selfoon
04 November	Ansie Eksteen	082 340 6643
11 November	Cora Marais	082 376 4692
18 November	Jeug - Riaan van Zanten	082 652 1557
25 November	Sonet Dippenaar	082 710 1586
02 Desember	Kantoor - Louisa Blignaut	082 775 5763

Die kerkkantoor sal jou Maandagoggend weer herinner aan jou teeskinkbeurt die betrokke Sondag.

Indien jou groep nie kan skink nie, reël asseblief self betyds met een van die ander groepe om om te ruil en laat weet die kerkkantoor, Louisa by 012 654-3936.

BREIPATROON - LEES DIT IS TE PRAGTIG

Toedraai-kombersie breipatroon Vir 'n Dierbare Vriendin.

Benodigdhede: Bolle en bolle van die mooiste bloedrooi, bolle en bolle van die mooiste suiwerste wit, bolle en bolle van die mooiste helderste groen. Een pen van hoop en een pen van geloof.

Grootte: Onbeperk

Spanning: Geen spanning vir hierdie kombersie nie. Patroonsteek: net reg(s). Aweregs is nie geskik vir hierdie kombersie.

Aantal steke: 365 – onthou om met skrikkeljaar liewer een steek te vermeerder as om te verminder Metode: Een hele ry met die mooiste bloedrooi. Een hele ry met die mooiste liefdeswit. Een hele ry met die mooiste genadegroen.

Afwerking: Rye en rye gebed. Alle benodigdhede is verkrygbaar by Jesus in oorvloed en verniet. Raad is beskikbaar van die Heilige Gees. (Dankie Heer vir sulke wonderlike gebedsvriende. Sonder hulle sou ons lewe arm gewees het.) Nood telefoon-nommers: Hierdie telefoonnommers is baie beter as 911.

Wanneer -

Jy bedroef is, skakel – Johannes 14
Jy gesondig het, skakel – Psalm 51
Jy bekommerd is, skakel – Matthëus 8:19-34
Jy in gevaar verkeer, skakel – Psalm 91
Mense jou gefaal het, skakel – Psalm 27
Dit vir jou voel asof God vêr van jou is, skakel – Psalm 139
Jy eensaam en bang is, skakel – Psalm 23
Jy uitgeworpe voel, skakel – Romeine 8:31-39

Hierdie nommers kan direk geskakel word, sonder die hulp van 'n operateur. Alle lyne na die hemel is 24 uur per dag beskikbaar! Voed jou geloof, en twyfel sal van honger omkom.

Jesusliefde!